Psalm 27:8

SOEK MY AANGESIG

Bid die volgende sake deur in die volgende 30 minute of dan tot waar jy kom.

1. **Toetrede; Stilword en geloofsbelydenis (3 minute)**

Kniel en word stil …
Here ons God, wanneer ons voor U buig in aanbidding bid ons dat U dit nou sal stilmaak in ons harte. Vader, ek vra dat u Gees my vandag lei in my aanbidding tot U. Ek wil voor U buig in totale afhanklikheid van die Heilige Gees . Ek bid, Gees van God, lei U my gees om met U te praat sodat hierdie aanbidding werklik Gees-tot-gees kommunikasie is. My siel en gees dors daarna om met U te praat en voor U te buig.
Belydenis van Geloof.
Here U Woord leer in Hebreërs11: 6 "As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon." Daarom kom bely ons nou ons vaste geloof in U:
Ek glo **in** God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.
En **in** Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is,
gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;
wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.
Ek glo **in** die Heilige Gees.
Ek glo **aan** 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
(aan) die vergewing van sondes;
(aan) die opstanding van die vlees en (**aan)** 'n ewige lewe. Amen

2. Soek Sy aangesig in aanbidding met lofgebede in Woord (5 minute)

Vader, ons erken en bely dat die koepeldoel van ons bestaan is die verheerliking van U Naam. Saam met U dienaar Paulus, kom besing ek die grootheid van U Naam. Hoor dan my gebed wat ek bid en neem dit as 'n lofoffer aan: "Aan U wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen (1Tim.1:17). Ek eer U, O God, die goeie en enigste Heerser, die Koning van die konings en die Here van die heersers. U alleen besit onsterflikheid, U woon in ontoeganklike lig. Geen mens het U gesien of kan U sien nie. Aan U kom toe eer en ewige mag! Amen (1Tim.6:15-16).
"Heilig, heilig, heilig is U, Here God, die Almagtige, U wat was en wat is en wat kom." (Openb 4) " U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep." (Openb 4)
Here Jesus, "U is waardig om die boek, (die raadsplan van die Vader), te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat U geslag is en met u bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie. [10]U het hulle(ons) 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle (ons) sal oor die aarde regeer." (Openb 4) " (U is) die Lam wat geslag was, (en U) is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang."
Met die ganse skepping verklaar ek: "Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid." (Opb 5) en met Paulus bely ek**:** O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy (U)

oordele, hoe onnaspeurlik sy (U) weë! Wie ken die bedoeling van (U) die Here? Wie gee (U) Hom raad? Wie bewys (U) Hom 'n guns, sodat (U) Hy verplig is om iets terug te doen? Uit (U) Hom en deur (U) Hom en tot (U) Hom is alle dinge. Aan (U) Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! (Rom.11:33-36).

Heilige Gees, U wat van die Vader en die Seun uitgaan, U wat lewe gee, U wat oortuig van sonde en wat Jesus verheerlik, U wat my Helper, Advokaat, Bemoediger en Voorpraak is, U wat saam met my gees getuig dat ek kind van die Vader is, U wat deur my roep Abba - Vader, aan U, die Skeppergees, bring ons toe dank en eer en aanbidding.

Drie- Enige God ons prys die grootheid van U Naam. Laat U naam geheilig geword, laat U koninkryk kom, laat U wil geskied, in die hemel net so ook op die aarde.

3. Lees die volgende teksgedeelte rustig deur (2 minute)

Johannes 15 1 "Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. 2Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra. 3Julle is alreeds reg gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle gesê het. 4Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie.

5"Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie. 6As iemand nie in My bly nie, word hy weggegooi soos 'n loot en hy verdroog. Die mense maak sulke lote bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand. 7As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry. 8My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is."

9"Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet in my liefde bly. 10As julle my opdragte uitvoer, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die opdragte van my Vader uitvoer en in sy liefde bly.

11"Dit sê Ek vir julle sodat my blydskap in julle kan wees en julle blydskap volkome kan wees. 12Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet. 13Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê. 14Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel. 15Ek noem julle nie meer ondergeskiktes nie, want 'n ondergeskikte weet nie wat sy baas doen nie. Nee, Ek noem julle vriende, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het. 16Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra. 17Dit beveel Ek julle: Julle moet mekaar liefhê!"

4. Soek Sy aangesig deur te verootmoeig en vir persoonlike herlewing te bid (5 min)

Here, U is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. U betoon U liefde aan duisende geslagte. U vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, maar U spreek niemand sonder meer vry nie. U reken kinders en kleinkinders die sondes van die vaders toe selfs tot in die derde en vierde geslag. U is vir almal goed en barmhartig oor alles wat U geskape het (Eks.34:6-7; Ps. 145:9). Deur U liefde vergaan ons nie en daar is geen einde aan U ontferming nie. As U beproewing oor 'n mens gebring het, ontferm U U weer, want U liefde is groot (Klaagl.3:22,32). U, as soewereine God, verklaar: "Ek betoon genade aan wie Ek genade wil betoon en Ek ontferm My oor wie Ek My wil ontferm." (Eks.33:19; Rom 9:16,18). Moet ons tog nie uitsluit van U ontferming nie, Here, laat U liefde en trou ons voortdurend bewaak (Ps.40:12). Wees ons genadig, O God, maak ons tog gesond deur U troue liefde en wis ons oortredings uit in U groot barmhartigheid (Ps.41:5; 51:3). As ons ons sonde wegsteek, kan ons niks goeds te wagte wees nie; daarom wil ons ons sonde bely en daarvan afsien, sodat ons genade kan ontvang (Spr 28:13). Moet tog nie die ongeregtighede van vorige geslagte op ons laat neerkom nie, ontferm U tog gou oor ons, want ons kragte is gedaan (Ps.79:8). Wie is 'n God soos U? U

vergewe sonde en straf nie die ongeregtighede nie, U bly nie vir altyd kwaad nie maar U betoon liefde en genade (Miga 7:18).

- Bely die dinge wat in jou lewe verkeerd is
- Bid vir nuwe krag en ywer in jou gebedslewe.
- Bid vir toewyding in Woordstudie, maar ook vir goddelike wysheid en 'n oopbreek van die Woord.
- Bid vir gehoorsaamheid aan die Woord, om in Jesus te bly en meer en meer soos Hy te word in karakter en in krag - dat mense Jesus in jou sal sien.
- Bid dat jy krag sal ontvang om te getuig en wanneer jy getuig, dat jou lewe harder as jou woorde sal praat.
- Bid dat die Here jou 'n visie sal gee waar Hy jou wil gebruik of dat Hy 'n bestaande visie aan jou sal bevestig.
- Bid dat die Here jou sal losmaak van tradisies en rituele wat jou geestelik beperk.
- Bid dat die Here jou die vermoë sal gee om verby ander mense te kyk en Hom raak te sien.
- Bid dat die Here jou met 'n Jesus-gesindheid by die dinge van die Here betrokke sal maak.
- Bid dat elke erediens vir jou 'n ontmoeting met God sal wees.

5. Soek Sy aangesig namens ongeredde familie, vriende of individue (3 min)

1._____2. _____
3._____4. _____
5._____

Skryf die name neer (indien jy dit nog nie gedoen het nie). Bid vir hulle redding, dat die Here hulle sal seën (geestelik, sosiaal en emosioneel), en bid vir hulle fisieke behoeftes. Bid ook vir jou onmiddelike omgewing waar jy bly en vra dat die Here al die Christene wat lou geword het in hulle geloof weer tot bekering sal vernuwe.

6. Ons bid vir ons Gemeente (10 minute)
Vir ons leiers (kerkraad, jeugleiers, asook sel- en gebedsleiers)

- Ons bid vir **wysheid** en **onderskeidingsvermoë** dat die Here duidelik sal lei en die dinge aan hulle openbaar wat ons gemeente geestelik sal opbou, uitbou en God die eer sal bring. *"Ons vra God dat Hy deur al die wysheid en insig wat die Gees gee, (dat Hy) ons leiers Sy wil duidelik sal laat ken, sodat ons tot eer van die Here sal lewe, deur net te doen wat Hy verlang"(Kol1:9b).* Ons bid veral ook vir leiding in die beplanning van ons gemeente program vir Augustus 2008 – Desember 2008. Ons dat leiers meer **tyd** by God se voete sal deurbring; dat die Heilige Gees die Woord vir hulle sal opbreek en hulle dit sal gehoorsaam en uit lewe; dat daar 'n **Goddelike band** van christelike liefde en eenheid tussen mekaar sal wees; dat leiers dieselfde **visie** sal hê en dat hulle een van hart en een van sin sal wees; dat God self die leiers sal **toerus** vir hulle taak; dat die leiers **nederig** sal wees en hulle lewens **rein** en **heilig. Ons bid** vir **geestelike groei** in hul verhouding met God.

Vir ons Gemeente

- Dat ons gemeente die Heerlikheid van God sal ervaar tydens eredienste en dat by elke bedieningspunt op Vrydae en Sondae, ons Sy vrede en die salwing van die Gees sal belewe;

- Dat die Here die Woordbediening sal voorberei in die hart van die leraar en dat mense deur die Woordbediening aangeraak sal word en tot bekering kom of vernuwe en dat ons mense ‘n heilige eerbied en vrees vir God sal hê.
- Dat ons in Jebel Ali sal kan begin met ‘n orkesbegeleiding en dat die Here vir ons mense sal stuur om so te kan bedien.
- Dat gemeentelede geestelik volwasse sal (word) wees en dat Christus in mense gestalte sal kry. Ons bid dat ons meer en meer soos Jesus sal word in ons liefde en die vrug van die Gees in Gal 5:22. (lees dit na en bid dit vir ons gemeente)
- Dat mense ons eredienste getrou sal bywoon uit liefde vir die Vader en die deelname aan die gemeenskap van die gelowiges.

Bid die volgende gebed:

Here, mag ons gemeente groei in ons liefde vir mekaar en vir alle mense. Mag ons op die dag wanneer U Here Jesus met U heilige engele kom, onberispelik en heilig voor U staan. Ons weet en is daarvan oortuig dat U wat die goeie werk in ons begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom. Vader, ons vra dat die gemeente se liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. (Fil 1:9)

Vir ons Gebedsbediening. Ons bid die volgende:

Here U het ons kom oprig om ‘n biddende gemeente te wees in die UAE. Ons dank U daarvoor. Ons kan niks sonder gebed vermag nie en ons bely dit onomwonde. Ons kom vra diep nederig: “Here Jesus help ons om kragtiger te groei in die gebed. Ons vra vir U leiding in die uitbreiding van hierdie bediening. Ons vra die vir krag, volharding, insig en wysheid om U kinders op te rig om bidders te wees, intersessors, wat die koninkryk deur gebed help groei. Ons bid Here Jesus dat U in ons gemeente se harte ‘n diepe verlange sal wek en daardie verlange brandend sal hou om soos U gereeld die intieme liefdesgemeenskap/gebed met die Vader te soek. Ons kom pleit vir die volgende sake:

- ‘n Gebedstoerustingprogram waar ons die gemeente se gebedspatroon tot nou toe as toerusting en groei kan aanbied. Ons vra U leiding in die opstel en aanbieding daarvan.
- vir 21 Junie se L.I.G.Byeenkoms by Jebel Ali en ons vra dat ons al ons L.I.G.-Huis mense daar sal wees en dat nog meer mense daarby betrokke sal raak.
- dat U, Here, deur ons gemeente ‘n groter 24/7 gebedsfokus sal vestig en dat ander gemeentes by ons sal aansluit sodat daar uiteindelik elke dag ‘n gemeente of gemeentes sal wees wat deel uit maak van ‘n 24 uur van gebed 7 dae ‘n week vir elke dag van die jaar in die UAE.
- vir meer gebedsgroepe wat gereelde weeklikse gebedsbyeenkomste hou van 19:00 – 21:00 eenmaal per week. Ons dank U vir die bestaande gebedsgroepe.
- vir die sendelinge (Gerrit in Malawi en Charl in Morokko) vir die sendingwerk wat hulle onder die Moslems doen. Ons bid vir vrug op hulle arbeid en dat U hulle veilig sal bewaar.

Vir ons barmhartigheidsbediening. Ons bid die volgende:

- Ons dank die Here vir die groep van 18 mense wat by ons barmhartigheid betrokke geraak het en vra dat die Here die areas wat geïdentifiseer sal seën. Ons bid vir die hospitaalbesoek, tronkuitreike, labour camps besoeke, hulpverlening aan individue in nood en die “ Adopt ‘n weerlose ”- projek waar ons by kinderhuise, weeshuise, en bejaarde/ouetehhuise betrokke gaan raak. Ons bid die Here se leiding wanneer ons goed na SA moet vervoer en dat die Here deur ons gemeente genoeg fondse sal voorsien wanneer ons finansiële hulp moet vreleen

Vir die selgroepbediening. Ons vra

- dat die Here die leiers sal gee wat ons selgroepe moet lei asook die harte van mense sal oopmaak om by selgroepe betrokke te raak.

- dat die Here ons selgroepe sal gebruik as ‘n evangelisasie middel om ander in te trek wat aan die kant staan of afvallig geraak het.
- vir die leiersbyeenkoms op 4 Julie 2008 en vra die Here se leiding in die beplanning en leiding van die byeenkoms.

Vir ons jeug. Ons vra vir die Here

- **dat** alle beplanning volmaak binne GOD se wil sal wees
- vir kragtige groei onder ons jeug en dat ons jeugbediening in die UAE elke jongmens sal sal bereik
- dat die Here die kinders sal oprig om kragtig en sterk in die geloof te staan

7. Soek Sy aangesig deur te waak en te luister (5 min)

- Vra dat die Here nuwe dinge aan jou sal bekendmaak, dinge waarvan Hy wil hê jy bewus moet raak en op moet let (ook waar die gemeente raak). Vra dat Hy Sy wil en sy planne/strategieë aan jou sal bekendmaak. Vra Hom na die dinge wat op Sy hart is waarvoor Hy wil hê dat jy moet bid. Skryf neer (hou dagboek) wat jy van Hom hoor.
- Sluit af deur vir die volgende persoon wat bid in die volgende halfuur, aan die Here op te dra en te vra dat die Here hom/haar sal seen.
- Dank die Here vir die geleentheid om deel te kon neem aan die 24 uur van gebed.